

**DeeltitelForum**

TERTIUS MAREE

# Wat is 'n mosie van wantroue?

'N Leser skryf:

"Ek dien al sewe jaar in die raad van trustees van 'n deeltitelgebou waar ek woon en is op die vorige jaarvergadering tot voorsitter verkies.

"Gedurende November verlede jaar is 'n spesiale algemene vergadering belê om oor verskeie sake te besin, onder meer die opgradering van die gemeenskaplike swembad, wat weens die gehawende toestand daarvan in onbruik verval het.

"Die werk het ingesluit die vervanging van die pomp/filtreereenheid deur 'n beter model en die uitvoering van die bad met glasvesel.

"Die trustees het die projek voorgelê as 'n nie-luukse verbetering, en dit is op die agenda geplaas om 'n spesiale besluit van die lede te verwerf.

"Op die vergadering het 'n lid kapsie gemaak dat die verbetering inderdaad 'n luukse verbetering is, waarvoor 'n eenparige besluit nodig is.

"Ek moet byvoeg dat nie alle inwoners belangstel om van die swembad gebruik te maak nie. Met sterk motivering van my kant is die saak toe deurgevoer as 'n spesiale besluit, en die trustees het die projek uitgevoer.

"Ons jaarvergadering sal gedurende Februarie 2016 plaasvind, en die beswaarmaker het die trustees nou skriftelik in kennis gestel dat hy 'n mosie van wantroue in my as voorsitter wil instel en dat dit so op die agenda geplaas moet word. Die gronde daarvan is dat ek die lede sou mislei het omtrent die nodige formaliteite vir die verbetering van die swembad.

"Wat staan my en die trustees te doen omtrent hierdie eis?"

> **Dit beteken nie dat so 'n persoon nie op die daaropvolgende jaarvergadering herkies kan word nie.**

## Dit is net instandhouding

Etlike punte is ter sake wat die saak betref.

Bestuursreël 33 bevat die vereistes vir luukse en nie-luukse verbeterings ten opsigte van die gemeenskaplike eiendom van 'n deeltiteloord.

Maar hier het almal, ook die beswaarmaker, die spoor reeds byster geraak, omdat die werk aan die swembad, soos deur die leser verduidelik, nie op 'n verbetering van enige aard vir die doeleindes van Bestuursreël 33 neerkom nie.

Die werk soos beskryf, is doodgewone instandhouding, waarvoor slegs 'n trusteebesluit vereis word.

Die feit dat sekere items vervang moes word en dat moontlik beter en duurder produkte gebruik is, beteken nie dat dit nou 'n verbetering is nie.

Geen spesiale ledebesluit was dus nodig nie, en die debat met die beswaarmaker gevoer, was heel oorbodig.

Die punt bly egter dat daar nou 'n versoek is om 'n mosie van wantroue teen die voorsitter op die agenda te plaas.

Afgesien van die feit dat die leser die mosie na alle waarskynlikheid effektief sal kan afweer met verwysing na wat ek hierbo gesê het, is die vraag of die trustees verplig is om die mosie op die agenda te plaas, en hoe dit dan op die algemene vergadering moet uitspeel.

## Hoe gemaak?

Ek sou voorstel dat die trustees die beswaarmaker versoek om sy mosie terug te trek in die lig van die regsposisie soos dit nou bekend is.

Daar moet verder aan die beswaarmaker vermeld word dat sy mosie op die algemene jaarvergadering sal dien wanneer die voorsitter en ander trustees se ampstermyn in elk geval verval.

Hy sal dan die geleentheid geniet om die herkiesing van die huidige voorsitter as nuwe trustee met motivering te beveg.

Eintlik bestaan nie iets soos 'n mosie van wantroue in deeltitelbestuur nie. Sodanige mosie moet gesien word as 'n mosie om 'n trustee te ontslaan of om die voorsitter uit sy amp te ontslaan.

Albei prosesse vereis dat kennis gegee word van die voorgenome ontslag.

## Sinlose oefening

Dit beteken nie dat so 'n persoon nie op die daaropvolgende jaarvergadering herkies kan word nie.

Om dié rede is die instel van 'n mosie van wantroue op die algemene jaarvergadering eintlik sinloos: Die amp van die persoon teen wie dit gerig word, kom in elk geval tot 'n einde, en indien die meerderheid van die lede van mening is dat die betrokkene nie 'n geskikte persoon is om as trustee te dien nie, sal hulle hom of haar tog nie herkies nie.

Nogtans meen ek dat indien trustees formeel versoek word om 'n mosie van wantroue teen 'n ampsdraer in te stel, hulle dit op die agenda moet plaas – ter wille van deursigtigheid.

- **Lesers word daaraan herinner dat my bekostigbare opleidingskursus, wat elektronies versprei word, binnekort 'n aanvang neem. Die betrokke kursus word óf in Afrikaans óf in Engels aangebied. Rig navrae hieroor aan louise@section.co.za.**